



# DIERESTORIES 1

G.R. VON WIELLIGH

Illustrasies deur Dale Blankenaar








## Hoe die Khoi-Khoi stories vertel

Hierdie verhaal is eintlik nie 'n dierestorie nie, maar vertel hoe die Khoi-Khoi stories vertel het.




Vyftig jare gelede, toe ons nog kinders was, het ons Khoi-Khoi-ooms ons van Jakkals, van Wolf en van die ander diere baie stories vertel. As hulle eers begin, dan was ons van hulle nie weg te kry nie. Ons ooms was toe al oud. En toe hulle kinders was, het hulle die verhale van hulle ou mense gehoor. En daardie ou mense het die kaskenades van Wolf en Jakkals weer van hulle ou mense gehoor. So kan ons op hierdie manier goed verstaan dat die pret van Jakkals en die swaarkry van Wolf nie vandag se dingetjies is nie.

Partykeer is Oom onwillig om mooi te vertel, maar ons weet sommer gou dat hy iets wil hê: 'n Pruimpie tabak of 'n stuk rosyntjiebrood maak hom dadelik in sy glorie. As hy dit gekry het, dan blink hy van glimlaggies en is uitgedos in die vriendelikheid self en begin dadelik vertel.

Niemand kan 'n dierestorie so smaakvol soos 'n Khoi-Khoi vertel nie. Dit smaak of hy alles wat hy vertel daar voor hom sien en hoor. Haarfyn kan hy die diere naboots en namaak – so natuurlik, dat ons soms bang word. Hy vertel die kleinste dingetjie omslagtig sodat ons die storie nie gou moet vergeet nie. As hy byvoorbeeld van Jakkals, Wolf en die bottervat vertel, dan sê hy: "Hul loop in die pad, hul loop in die pad en hul loop vér in die pad. En hulle kry 'n oswa. Op daardie oswa was botter. Jakkals ruik die botter, Wolf ruik die botter. En die

Jakkals laat die voëls op 'n ry sit en beskou elkeen van kop tot tone. Toe hy by Uil kom, roep hy uit: "Hier sit die beste man: Sy oë is die grootste en sy naels is skerp en gevaarlik!"

Op die daad word Uil aangestel om die klipskeur te bewaak en die dood word hom voor oë gesweer as hy Tinktinkie laat ontvlug.

Uil gaan ewe plegtig voor die gat sit en sien Tinktinkie agter in die gat. Die ander voëls vlieg daarna weg en laat Uil alleen met Tinktinkie agter.

Maar Uil was die vorige nag met 'n paar vriende op 'n dronkparty en het dus maar min slaap gehad. Toe die son begin warm word, word Uil lomerig. Hy knik en knik eers met sy kop en daarna maak die ou 'n lekker dutjie.

Tinktinkie, wat al die tyd vir Uil goed sit en dophou, lag lekker in stilte. Af en aan word Uil wakker, loer met slaperige oë in die skeur, sien Tinktinkie nog daar, en voel perdgerus. Uil raak vas aan die slaap. Hy sit in die warm son en blaas en snork van die slaap en steur hom verder nie aan sy plig nie.

Dis net soos Tinktinkie wou gehad het. Hy glip onopgemerk uit die skeur en vlieg weer opgeruimd vry daar buite in die veld rond.

Toe die voëls merk dat Tinktinkie weer so plesierig op vrye voet rondvlieg, storm hulle in hope na die plek waar Uil die skeur oppas. Toe hulle daar aankom, vind hulle Uil nog vas aan die slaap. Hul oorkonkel hom links en regs – toe eers maak hy sy oë ewe beswaarlik oop en ruk sy kop weg van die harde klappe.

"Waar is Tinktinkie?" roep die voëls kwaad uit. Uil rek sy



Boer sy pistole uit en skiet een skoot na die ander af, maar Wolf reken dit is mierbyte – wat storm is hy! Toe Wolf teen die perd wil opspring om Boer van bo af te ruk, pluk Boer sy sabel uit en slaan Wolf daarmee oor sy neus dat die bloed spat. Dit is vir Wolf te onuithoubaar en hy vlieg kort om en kies die wêreld vorentoe.

Toe Wolf vlug, sit Boer sy twee honde agterna. Toe kraak net bossies soos Wolf sy lyf klein maak en vorentoe nael. Hy hol skoonveld onder die honde uit en gaan na Jakkals wat rol soos hy lag oor al die moeilikheid wat oor Wolf gekom het.

Toe Wolf by Jakkals kom, hou Jakkals hom dodelik siek, en gee voor dat die honde hom ook so erg gebyt het, want hy was bang dat Wolf met hom sou afreken en vermoor oor hy hom om die bos gelei het.

Steunend vra Jakkals aan Wolf hoe ’n tyd hy daarvan gehad het. Waarop Wolf antwoord: “Broer Jakkals, as jy ooit die waarheid verkondig het, dan was dit vandag. Rondekopdier is regtig sterk. Kyk, ek storm hom, toe blits hy blou boontjies uit sy kierie op my – dit was soos muggiebyte. Weer blits hy – dit was maar muskietbyte. Toe steek hy sy hand uit. En van sy vingers spat vuur en ’n blou pit – dit was bysteke. Nogmaals vlieg daar vuur en ’n ander blou pit uit – dit was perdebysteke. Ek was toe al so na aan hom dat ek hom van die perd wou afpluk, maar toe ruk hy sy rib uit sy lyf en hy slaan my daarmee oor my neuskoker dat sterre en reënboë voor my dans en die bloed en sop so spat. A nee! Toe vlieg ek om en kies die wye wêreld. Maar dink jy dat die rondekopdier daarmee tevrede was? Nee, toe stuur hy sy twee grou bene agter my aan. Maar wat skoon van hulle twee weghol, was Wolf se kind en hier staan hy nog lewendig voor jou.”

Maar praat nie hoe besmeerd Wolf van die bloed was nie.

